NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2022

BRON A **Hierdie uittreksel is gepubliseer op 'n webwerf genaamd *Law Library – American Law and Legal Information (Jrank)*, wat professioneel geskrewe en nagevorste artikels publiseer, om 'n omvattende wetlike inligtingswerf op die Web te skep. Dit gee 'n oorsig van die Swart Mag-beweging.**

Die Swart Mag-beweging het 'n keerpunt in swart-wit-verhoudings in die Verenigde State aangedui en ook in hoe swartes hulself beskou het. Die beweging is deur sommiges as 'n positiewe en proaktiewe mag bestempel wat daarop gemik was om swartes te help om volle gelykheid met wittes te verkry, maar dit is deur ander uitgekryt* as 'n militante, soms gewelddadige faksie waarvan die primêre doel was om 'n wig tussen wit en swart in te dryf ... Die Swart Mag-beweging het 'n gevoel van rassetrots en selfrespek by swartes gevestig … Swart Mag-voorstanders het swartes aangemoedig om algeheel swart politieke partye te vorm of daarby aan te sluit wat 'n formidabele* magsbasis en 'n grondslag vir ware sosio-ekonomiese vooruitgang kon bied … Dit was nou tyd vir swartes om hul eie agenda te bepaal en hul behoeftes en aspirasies eerste te stel … **(Paragraaf 1)**

… Die beweging het tot 'n aantal positiewe ontwikkelings gelei. Die noemenswaardigste hiervan was waarskynlik die invloed op swart kultuur. Vir die eerste keer is swartes in die Verenigde State aangemoedig om hul Afrika-erfenis te erken. Kolleges en universiteite het swartstudieprogramme en -departemente gestig. Swartes wat grootgeword het met die oortuiging dat hulle van 'n agtergeblewe volk afstam, het nou besef dat die Afrika-kultuur so ryk en divers soos enige ander was, en hulle is aangemoedig om trots op daardie erfenis te wees. Die Swartkuns-beweging, wat deur sommige beskou is as deel van die Swart Mag-beweging, het in die 1960's en 1970's floreer. Jong swart digters, skrywers en visuele kunstenaars kon uiting gee aan hul kreatiwiteit en dit met ander deel … **(Paragraaf 2)**

Dieselfde gees van rasse-eenheid en trots wat die Swart Mag-beweging so dinamies gemaak het, het dit ook problematies gemaak – en vir sommige selfs gevaarlik. Baie wittes, en 'n aantal swartes, het die beweging as 'n swart separatistiese* organisasie beskou wat daarop gemik was om swart en wit te segregeer en die belangrike werk van die burgerregtebeweging ongedaan te maak ... Swartes was steeds slagoffers van rassisme, of hulle nou hoër rente moes betaal vir 'n verband, minder betaal is as 'n wit mede-werknemer wat dieselfde werk doen, of om geweld deur wit rassiste in die gesig te staar. Die oplossings wat sommige Swart Mag-leiers voorgestaan* het, het egter net nuwe probleme geskep. Party … het voorgestel dat swartes paramilitêre opleiding ontvang en wapens dra om hulself te beskerm. Alhoewel hierdie individue volgehou het dat die voorstel uitsluitlik ter wille van selfverdediging was en nie 'n oproep tot geweld nie, was dit steeds ontstellend om te dink aan gewapende burgerlikes wat in die strate rondloop. **(Paragraaf 3)**

… die Swart Mag-beweging … het geen sentrale leierskap gehad nie, wat beteken het dat verskillende organisasies met uiteenlopende agendas dikwels nie kon saamstem oor die beste manier van optrede nie. Die meer radikale groepe het die hoofstroomgroepe daarvan beskuldig dat hulle voor wittes buig, en die hoofstroomgroepe het die radikales daarvan beskuldig dat hulle gretig was om geweld te gebruik. Teen die 1970's het die meeste formele organisasies wat saam met die Swart Mag-beweging op die voorgrond getree het, soos die SNCC en die Black Panthers, feitlik heeltemal verdwyn. Die Swart Mag-beweging het nie … gehelp om diskriminasie of rassisme te beëindig nie. **(Paragraaf 4)**

[Aangepas van: *Black Power movement – jrank*. Beskikbaar AANLYN: <https://law.jrank.org/pages/4776/Black-Power-movement.html9> (Verkry 25 Maart 2021)]

*uitgekryt – op 'n beledigende of woedende wyse gekritiseer
*formidabele – boesem vrees of respek in deur indrukwekkend groot, kragtig, intens te wees
*separatis – 'n persoon wat die skeiding van 'n bepaalde groep mense van 'n groter liggaam ondersteun op grond van etnisiteit, godsdiens of geslag
*voorgestaan – in die openbaar aanbeveel of ondersteun

IEB Copyright © 2022

BRON B Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat in 2021 aanlyn in *Time* tydskrif gepubliseer is. Dit beskryf die impak van die Black Panthers.

Terwyl die Panthers teen polisiebrutaliteit opgestaan het, het hulle ook baie in gemeenskapsorganisasie en -hulp belê. Hul gratisontbytprogram het duisende honger kinders voor skool gevoed; hulle het gesondheidsklinieke, kinderontwikkelingsentrums en kosspense opgerig. Hulle het plaagbeheer hanteer, jasse en skoene in die winter geskenk en 'n gratis busdiens ingestel vir mense om hul ingeperkte* familielede of geliefdes in tronke te besoek. …

… Onderwys was ook 'n belangrike deel van die Black Panthers se missie: hulle het "bevrydingskole" implementeer, wat tradisionele vakke soos wiskunde en wetenskap met onderrig oor swart geskiedenis en rasse-ongelykheid* integreer het …

… Alhoewel die uitbeeldings van Black Panthers hoofsaaklik mans was, het vroue 'n noodsaaklike rol in die party gespeel, en teen die einde van die 1960's minstens twee derdes van die organisasie uitgemaak. Elaine Brown het die party se koerant geredigeer en die hele organisasie van 1974 tot 1977 gelei. Ander vroue was op alle vlakke van organisering betrokke; hulle het geveg vir 'n meer inklusiewe begrip van Swart Mag, het hulself bewapen, en baie van die party se suksesvolste gemeenskapsprogramme gelei.

[Aangepas van: *Time*. By Andrew R. Chow. Beskikbaar [AANLYN]: <https://time.com/5938058/black-panthers-activism/> (Verkry 25 Maart 2021)]

*ingeperkte – toegesluit, opgesluit, gevange gehou
*ongelykheid – gebrek aan regverdigheid of geregtigheid

IEB Copyright © 2022

BRON C **Hierdie foto toon kinders wat sakke kos voorberei vir verspreiding as deel van die Panthers se gratisvoedselprogram van Oakland Collegium by die Black Panther gemeenskapsoorlewings-konferensie, Oakland, Kalifornië, Maart 1972.**



[Beskikbaar van: *Collection of the Smithsonian National Museum of African American History and Culture*, © Stephen Shames: [AANLYN] by: <https://nmaahc.si.edu/blog-post/black-panther-party-challenging-police-and-promoting-social-change> (Verkry 25 Maart 2021)]

BRON D **Hierdie uittreksel verwys na hoe die Nasie van Islam (NVI) deur Malcolm X en Muhammad Ali beïnvloed is en die invloed daarvan op ander burgerregtegroepe.**

NVI se werklike oplewing het gedurende die 1950's gekom, … toe die totstandkoming* van die burgerregtebeweging en die gewelddadige reaksies wat dit uitgelok het, saamgevloei het om NVI se uitbeelding van die "wit duiwel" pertinent* te maak vir 'n veel groter deel van swart Amerika. Nuwe lede, onder andere Malcolm X en die swaargewigbokskampioen Muhammad Ali (Cassius Clay voordat hy by NVI aangesluit het), het sigbaarheid aan die groep verleen en, in die geval van eersgenoemde, direk bygedra tot 'n dramatiese groei in die ledetal … Malcolm X was baie gewild, en tydens sy jare as 'n prominente lid van NVI (1952–64) het die ledetal die hoogte ingeskiet. Maar die Nasie se lasterlike* taal en sy voorspraak vir selfverdediging in plaas van geweldloosheid het dit vervreem van hoofstroom burgerregtegroepe. Teen 1959 het Martin Luther King gewaarsku teen "'n haatgroep wat in ons midde ontstaan het wat die leerstelling van swart oorheersing verkondig". ... Terwyl stedelike onluste die nasie geruk het, het die NVI se boodskap dat swart opheffing slegs deur 'n radikale skeiding van die strukture van wit onderdrukking kon kom, steeds by baie aanklank gevind.

[Aangepas van: *Southern Poverty Law Center*. Beskikbaar by: [AANLYN]:<https://www.splcenter.org/fighting-hate/extremist-files/group/nation-islam> (Verkry 25 Maart 2021)]

*totstandkoming – die koms van iets uitsonderliks
*pertinent – relevant of toepaslik op 'n sekere saak
*lasterlik – beledigend en bitter

IEB Copyright © 2022

BRON E **Hierdie is 'n plakkaat geskep deur Emory Douglas – 'n Amerikaanse grafiese kunstenaar. Hy was 'n lid van die Black Panther-party vanaf 1967 totdat die party in die 1980's ontbind het. As 'n revolusionêre kunstenaar en die Minister van Kultuur vir die Black Panther-beweging, het Douglas kunswerke geskep om Swart-Amerikaanse onderdrukking uit te beeld. Die presiese datum waarop hierdie plakkaat gemaak is, is onbekend. "Varke" was 'n term wat Huey Newton vir "polisie" aanvaar het.**



[Beskikbaar by: [AANLYN]: <https://www.bing.com/images/search?q=black+panther+posters+emory+jackson&qpvt=black+panther+posters+emory+jackson&form=IGRE&first=1&tsc=ImageBasicHover> (Verkry 24 Maart 2021)]

IEB Copyright © 2022

BRON F **Hierdie is 'n uittreksel geskryf deur Huey P. Newton in 'n boek genaamd *To Die for the People*. (1972). Die uittreksel word aangehaal in 'n ander boek genaamd *The Black Panther Party. Service to the People Programs*. (2008). Dit beskryf die oorlewing-gebaseerde programme van die Panthers.**

Ons het besef dat om die mense tot die vlak van bewussyn te bring waar hulle die tyd sou aangryp, dit nodig sou wees om hul belange in oorlewing te dien deur programme te ontwikkel wat hulle sou help om in hul daaglikse behoeftes te voorsien. Ons het vir 'n lang tyd sulke programme gehad, nie net vir oorlewing nie, maar ook vir organisatoriese doeleindes. Nou het ons nie net 'n ontbytprogram vir skoolkinders nie, maar ook klereprogramme, ons het gesondheidsklinieke wat gratis mediese en tandheelkundige dienste verskaf, ons het programme vir gevangenes en hul gesinne, en ons open klere- en skoenfabrieke om voorsiening te maak vir meer behoeftes van die gemeenskap. Ons het onlangs 'n toets- en navorsingsprogram oor sekelsel-anemie begin; en ons weet dat 98 persent van hierdie siekte se slagoffers swart is. Om te misluk om hierdie siekte te bekamp, is om aan volksmoord skuldig te wees; om dit te beveg, is oorlewing.

Al hierdie programme bevredig die diepgaande behoeftes van die gemeenskap, maar dit bied nie oplossings vir ons probleme nie. Daarom noem ons dit oorlewingsprogramme, wat oorlewing hangende* rewolusie beteken. Ons sê die oorlewingsprogram van die Black Panther-party is soos die oorlewingtoerusting van 'n matroos wat op 'n vlot vasgekeer is. Dit help hom om homself aan die lewe te hou totdat hy heeltemal uit daardie situasie kan kom. Die oorlewingsprogramme is dus nie antwoorde of oplossings nie, maar dit sal ons help om die gemeenskap te organiseer rondom 'n ware ontleding en begrip van hul situasie. Wanneer bewussyn en begrip tot 'n hoë vlak verhef word, sal die gemeenskap die tyd aangryp en hulself van die houvas van hul onderdrukkers verlos. Al ons oorlewingsprogramme is gratis. Ons het nog nooit die gemeenskap 'n sent gevra om die goed wat hulle nodig het van enige van ons programme te ontvang nie.

[Aangepas van: *The Black Panther Party. Service to the People Programs.* The Dr. Huey P. Newton Foundation. 2008. Beskikbaar AANLYN: <https://caringlabor.files.wordpress.com/2010/09/hilliard-ed-the-black-panther-party-service-to-the-people-programs.pdf> (Verkry 25 Maart 2021)]

*hangende – wag op besluit of skikking

IEB Copyright © 2022

BRON G **Hierdie is 'n uittreksel uit 'n verslag van die Britse ambassade in Washington aan die Britse buitelandse kantoor in Engeland oor die gebruik van die "Swart Mag"-slagspreuk, 5 Augustus 1966. Dit bespreek die skeuring onder swart aktiviste in die VSA in die 1960's.**

Een van die belangrikste nuwe kenmerke was ongetwyfeld die ontstaan van die slagspreuk Swart Mag, wat ... die eerste keer tydens die Mississippi-burgerregte-optog in Junie in die openbaar gebruik is. … Die slagspreuk het vir die meeste mense nogal 'n kommerwekkende klank, met implikasies van geweld en ekstremisme* en 'n blatante beroep op rassisme. Trouens, niemand weet blykbaar presies wat dit beteken nie, en miskien was dit doelbewus, ten minste aanvanklik. Dit is 'n treffende slagspreuk wat hom tot allerhande interpretasies kon leen afhangende van die onmiddellike behoeftes …

… Die belangrikste betekenis van Swart Mag is egter dat dit gedreig het om die burgerregte-beweging te verdeel. Vroeër vandeesmaand het sowel die *National Association for the Advancement of Coloured People* (NAACP) as die *Congress of Racial Equality* (CORE) hul nasionale konvensies ongeveer dieselfde tyd gehou. … Die slagspreuk Swart Mag is voortdurend tydens die CORE-konvensie gebruik, en is volgens die pers daar onderskryf en "aanvaar as die dominante filosofie van die beweging" *(Washington Post)*. … Dit was duidelik dat iemand van Dr. Martin Luther King se mentaliteit … grootliks daarvan sou verskil, en hy het dadelik sy teenkanting bekend gemaak. So ook Roy Wilkins, Uitvoerende Direkteur van die NAACP, op 4 Julie tydens die konvensie* in Los Angeles. Hy het aan sy gehoor gesê dat die slagspreuk "anti-wit mag beteken ... ons van die NAACP sal dit nie toelaat nie …"

[Aangepas van: AANLYN: <https://www.nasionalearchives.gov.uk/education/rebrons/civil-rights-in-america/black-power/> (Verkry op 26 Maart 2021)]

*ekstremisme – uiterste politieke of godsdienstige sienings; fanatisme
*konvensie – 'n groot vergadering of konferensie

IEB Copyright © 2022

BRON H **Hierdie is 'n uittreksel uit 'n boek oor Amerikaanse geskiedenis, geskryf deur Harold Evans in 1998. Sir Harold Matthew Evans was 'n Brits-Amerikaanse joernalis en skrywer. Tydens sy loopbaan in sy geboorteland Brittanje was hy van 1967 tot 1981 redakteur van *The Sunday Times*. Hy het in 1984 na die VSA verhuis as 'n besoekende professor aan Duke Universiteit en het die memoires van bekende mense soos Henry Kissinger geredigeer. Die uittreksel beskryf die impak van die Black Panthers.**

Daar was aanvanklik onmiskenbare steun vir die Panthers in die ghetto's regoor die land. Hulle het gratisontbytprogramme ingestel, 'n leersentrum, werkprogramme, … Hul manifes was 'n konkoksie* van die prysenswaardige* en die belaglike*: beter behuising en die vrylating van "alle swart mans" wat in tronke aangehou word, die vrystelling van alle swartes van militêre diens en "'n einde aan die rooftogte op die kapitaliste van jou swart gemeenskap" ... die Panthers se eis vir "die beëindiging van polisie-terrorisme" was gewild ... en dit is opgevolg deur gewapende Panthers wat die strate moes patrolleer om swartes teen teistering te beskerm …

… Tog was die Panthers geen engele nie ... die leierskap het eerder soos 'n misdadige bende as toegewyde revolusionêres opgetree. Hulle het die waardige pogings van die mense wat die krotbuurtprogramme bestuur het, verraai. … Cleaver het beweer dat hy wit vroue as revolusionêre optrede verkrag het … Hy het die hinderlaag van 'n polisieman van Oakland beplan … na Algerië gevlug en teruggekom om tronkstraf daarvoor en vir ander inbrake uit te dien …

… Newton was 'n dwelmslaaf en alkoholis … Nadat hy tronkstraf opgelê is vir 'n verwarrende skietvoorval waarin 'n polisieman gesterf het, het hy 'n radikaal* geword … Newton is na drie jaar op 'n tegniese punt uit die tronk vrygelaat en het later erken dat hy skuldig was aan die skietery … Hy het Seale uit die party geskors en hom met 'n bulsweep geslaan. Die oorblywende personeellede het in vrees en bewing vir Newton gelewe.

[Aangepas van: Harold Evans. *The American Century.* 1998. Jonathan Cape/Pimlico Publishers. Bladsy 546]

*konkoksie – 'n mengsel van verskeie bestanddele of elemente
*prysenswaardige – wat lof verdien
*belaglike – iets wat gelag uitlok weens die absurditeit daarvan
*radikaal – iemand wat uiterste verandering wil hê en dikwels uiterste metodes gebruik om dit teweeg te bring

IEB Copyright © 2022